Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 08 Apr 2017
Page: 36

AVE: 43890.00
Circulation: 39761
Part: 1 of 1

# Schoenmaker hou haar by haar lees




Tatjana Schoenmaker het gister op Kingspark in Durban vir die 200 m-borsslag by die Wêreldkampioenskap in Julie in Budapest gekwalifiseer. Foto: GALLO IMAGES

**Marizanne Kok**

Die droogte in vroueswem is uiteindelik verby.

Die 19-jarige Tatjana Schoenmaker het gisteraand in die Kingspark-swembad in Durban die eerste Suid-Afrikaanse vrou sedert 2014 geword wat kon kwalifiseer vir 'n groot byeenkoms op die wêreldkalender.

Schoenmaker, 'n student in finansiële wetenskap by Tuks, het met 'n tyd van 2 minute en 25.23 sekondes in die tweede halfeindronde van die 200-borsslag by die nasionale swembyeenkoms seker gemaak dat sy vanjaar na die Wêreldkampioenskap in Budapest mag reis.

Die vereiste tyd was 2:25.91.

Schoenmaker het die Olimpiese kwalifiseringsvereiste verlede jaar met 'n honderdste van 'n sekonde gemis, maar dié keer glad nie gesukkel om vinniger te swem nie.

"Ek is so gelukkig, want nou het ek vir almal wat die heeltyd vir ons vertel hoe dood vroueswem is, gewys dinge gebeur.

"Ek het gekwalifiseer vir Boedapest en daar is 'n paar jong meisies wat hierdie week gewys het hulle moet dopgehou word. Ek is die oudste van die nuwe golf en ons is op pad," sê Schoenmaker.

Die yslike ironie is dat Schoenmaker dalk nie in Julie in Hongarye sal deelneem nie, maar eerder 'n paar weke later by die Wêreld-Studentespele sal swem.

"Die Wêreldkampioenskap is reg in die middel van my eksamens en ek wil nie te veel tyd verloor by die universiteit nie, want my studies is ook belangrik. Ek het nog nie finaal besluit nie, maar ek leun al meer daarna om eerder na die Wêreldspele te gaan en in Desember by die Statebondspele-proewe seker te maak ek gaan Gouekus toe."

Schoenmaker was die sesde swemmer wat 'n A-kwalifiseringsvereiste by die Durban-swembad kon opstel.

Cameron van der Burgh, Chad le Clos en Myles Brown het dit almal vroeg in die week gedoen, voor Brad Tandy en Douglas Erasmus hul name gisteroggend in die 50-vryslag by die lys gevoeg het.

Tandy, wat verlede jaar by die Olimpiese Spele sesde in dié item was, het in die uitdunne 'n 22.07 geswem, en Erasmus het die vereiste 22.47 op die nommer gehaal.

Tandy en Erasmus het later in die halfeindronde onderskeidelik 21.99 en 22.39 geswem. Zane Waddell (22.49) het in die aandsessie so byna ook die vereiste oortref.

Le Clos het self weer gister vir vuurwerk gesorg, toe hy die wêreld se naasbeste tyd van 2017 in die 100-vlinderslag opgestel het.

"Die koning is terug!" het Le Clos met 'n breë glimlag laat hoor ná hy sy halfeindronde in 'n tyd van 51.56 gewen het.

Dis nie net aansienlik vinniger as die kwalifiseringsvereiste van 52.29 nie, maar ook vinniger as wat Le Clos nog ooit so vroeg in 'n seisoen geswem het.

Net China se Li Zhuhao (51.34) was vanjaar al vinniger.

"Ek het alles gegee en niks teruggehou nie, want ek het gehoop vir 'n (tyd van) 52. So natuurlik is ek in die wolke met dié tyd," het Le Clos gesê.

"Dis net 'n sekonde stadiger as my beste tyd ooit (sy Afrikarekord is 50.56) en anders as toe het ek nie geskeer nie. Dit wys net alles wat ons doen, werk. Ek is nog nie so lank by (sy nuwe afrigter) Andrea (di Nino) nie, maar ek kan voel my swemslag is meer effektief en bring beter resultate."

Le Clos sal vanaand sy byeenkoms afsluit in die eindronde van die 100-vryslag, maar hy het reeds al sy doelwitte vir die week behaal.

Hy het vir die wêreldkampioenskap in Budapest gekwalifiseer in die 100- en 200-vryslag en die 100-en 200-vlinderslag, en is in almal behalwe die 100-vryslag in die top-2 op die wêreldranglys.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.